

## NG KERK - STRAND-NOORD

### RIGLYNE VIR OUDERLINGE

**Welkom in die kerkraad van Strand-Noord! Mag jou dienstyd vir jou 'n groot vreugde en voorreg wees. Die werksaamhede van die ouderlinge in ons gemeente behels basies die volgende 4 fasette:**

#### 1 WYK



Jy is die ouderling van 'n spesifieke wyk en die belangrikste deel van jou taak lê hier. Saam met jou diaken vorm julle die skakel wat lidmate aan die werksaamhede van ons gemeente verbind. Julle word hierin bygestaan deur die wyksleer van jou wyk.

##### 1.1 Huisbesoek

Probeer om op 'n gereelde basis kontak met jou wykslede te hê. 'n Persoonlike besoek word altyd baie waardeer. Doen dit asseblief getrou en moet niemand oorslaan nie.

##### 1.2 Siekte

- ~ Indien van minder ernstige aard, besoek self die lidmaat. 'n Kort gebed sal baie gepas wees.
- ~ Indien van ernstige aard (soos hospitalisasie, ens.), stel jou leraar in kennis.

##### 1.3 Sterfgevallen

- ~ Besoek dadelik die familie en bied jou hulp aan. Dit geld ook waar familieleders elders te sterwe kom.
- ~ Stel jou leraar en mede-kerkraadslid dadelik in kennis.
- ~ Jy en die diaken (en/of eggenote(s)) moet asseblief behulpsaam wees met die bereiding en bediening van tee en toebroodjies indien die begrafnis plaaslik plaasvind.

##### 1.4 Pastorale probleme

- ~ Waar dit van minder ernstige aard is, probeer self 'n oplossing vind deur as wykskerkraadslid onderling met mekaar te skakel.
- ~ Indien die probleem van 'n ernstige aard is, stel jou leraar in kennis.

##### 1.5 Nuwe intrekkers

- ~ Besoek hulle so gou moontlik
- ~ Stel jou leraar, mede-kerkraadslid en skriba in kennis indien nuwe lidmate van die NG kerk in jou wyk intrek.
- ~ Verwys gerus nuwe intrekkers na ons webtuiste waar hulle kontak met die kantoor kan maak - die adres is: [www.ngkstrandnoord.co.za](http://www.ngkstrandnoord.co.za)

##### 1.6 Vertrekkende lidmate

Stel jou wyksleer in kennis.

##### 1.7 Bejaardes

Besoek hulle gereeld en waar nodig, bied vervoer aan na die kerk, veral nagmaal en pinkster.

##### 1.8 Jongmense

- ~ Gee spesifiek aandag aan die kinders en werkende/studerende jongmense.
- ~ Verneem na hulle bywoning van Aandkerk en Kinderkrans en moedig die bywoning van kerkdienste en jeugbyeenkomste aan.

##### 1.9 Skakeling

Dit sal goed wees indien jy en jou diaken kwartaalliks (of ten minste halfjaarliks) kan vergader om julle wyk volledig te bespreek en inligting uit te ruil.

##### 1.10 Wyksbyeenkomste

Dit word kwartaalliks in elke wyk gehou. Jy kan dit óf self lei, of 'n ander persoon, bv. een van die emeriti of leraars vra om dit te lei. Die organisering en kennisgee van die wyksbyeenkoms is jou verantwoordelikheid.

## 2 Aanbidding



- 2.1 Wees getrou in die bywoning van eredienste. Hierin stel ons as leiers 'n voorbeeld aan lidmate.
- 2.2 Die leierouderlinge tref reëlins i.v.m. nagmaal en gebed vóór die erediens.
- 2.3 Probeer asseblief om 20 min. voor die oggenddiens in die konsistorie te wees. Dit is 'n belangrike geleentheid waar ons belangrike afkondigings deurgee en goedkeur; asook voorbidding doen vir die erediens.
- 2.4 Kerkraadsbidure word elke laaste Sondag van die maand tussen die twee dienste in die Brandstraat-sentrum gehou. Wees asseblief daar!
- 2.5 Ouderlinge kan self kies watter oggenddiens hulle wil bywoon, maar dit sal goed wees om per geleentheid die alternatiewe erediens by te woon.

## 3 Vergaderings



Ons vergaderings is die ratwerk van ons gemeente – daarom is dit uiters belangrik dat jy asseblief vir ons hiermee sal help.

- 3.1 Woon asseblief alle vergaderings getrou by en maak verskoning by die skriba (kerkraadsvergaderings) of die kommissievoorsitter (kommissievergaderings) as jy dit nie kan bywoon nie.
- 3.2 Indien jy vir 'n bepaalde tyd uit die gemeente gaan wees, stel die skriba en/of u wyksleerling in kennis.
- 3.3 Alle agendas, notules en aanbevelings word as gelese beskou, kom dus moet asseblief voorbereid na die vergaderings toe.
- 3.4 Jy is deel by 'n kerkraadskommissie. Jou getroue bywoning en insette by dié vergaderings is van groot belang vir die effektiewe funksionering van die kerkraad.

## 4 Insamelings: (Basaar en gemeente-ete e.d.m.)



As leier van jou wyk moet jy asseblief behulpsaam wees om die wyk te organiseer vir samewerking by dié geleenthede.

### Ten slotte

**Dis 'n wonderlike voorreg om in die Here se wingerd te werk. Hy vra van ons om ons taak met entoesiasme, toewyding en getrouheid uit te voer. Neem vrymoedigheid om met jou leraar of wyksleierouderling te praat as jy vrae het of probleme ondervind. Jou lojaliteit en meewerking in die span maak 'n belangrike bydrae tot die koms van die Koninkryk in ons gemeente, gemeenskap en verder.**